PIETERSBURG-OOS
GLO EN BOU

# LAERSKOOL PIETERSBURG-OOS

KLEINENBERGSTRAAT 102
POLOKWANE
0699

E-pos: oosskool@mweb.co.za
Webwerf: www.oosskool.org

Postnet Suite #20
Privaatsak x9676
POLOKWANE 0700

Tel: 015 - 296 0214/5
Faks: 015 - 296 3642

3 November 2021

## Graad 1-Inligtingstuk 2022

'n Hartlike woord van welkom aan al ons trotse toekomstige Graad 1-ouers.

Ons glo dat die volgende inligting u inskakeling by ons OSIE-FAMILIE seepglad sal laat verloop.

### 1. KOM SKUD JOU VERE REG

Alle Gr 1 maats word genooi om Dinsdag, 11 Januarie 2022 skool toe te kom.

- Seuns 08:00 - 09:00
- Dogters 09:30 - 10:30

Gebruik asseblief die Graad 1-hekkie in Tucanalaan.
**Drag: Skooldrag**
**Bring asseblief jou skryfbehoefte pakket (reeds gemerk) saam. Kom neem gerus 'n foto saam met u kind.**

### 2. EERSTE SKOOLDAG

- Die skool begin om 07:20 op Woensdag, 12 Januarie 2022.
- Mamma en Pappa vergesel hul kind na sy/haar klas toe. Gebruik asseblief die Graad 1-hekkie in Tucanalaan.
- Dit is nie nodig om vorms in te vul nie.
- U kan weer u kind om **12:00** by sy/haar klas afhaal.

### 3. VERDAAG TYE

- Graad 1 verdaag gedurende die eerste week om 12:00. Vanaf die tweede week verdaag die Graad 1-leerders elke dag om **13:00**.

### 4. INLIGTINGSAAND

Alle ouers word vriendelik versoek om die Inligtingsaand op Dinsdag, 11 Januarie 2022, om 18:00 by te woon, waartydens belangrike inligting rakende die werkswyse van graad 1 aan u verduidelik sal word.

### 5. VERJAARSDAE

- U kind mag gewone klere aantrek wanneer hy/sy verjaar.
- Verjaarsdagkoeke (vergesel van 'n mes en vuurhoutjies) en/of verjaarsdagpakkies mag gestuur word, verkieslik voor pouse, met ander woorde, nie later as 09:30 nie.

## 6. KOMMUNIKASIE

- Alle briewe en belangrike inligting word op die D6+ geplaas.
- U word versoek om die **D6-Connect Toepassing** by www.d6.co.za af te laai op u selfoon en/of rekenaar.
- Omsendbriewe met afskeurstrokies moet asseblief sonder versuim teruggestuur word na die klasonderwyser. Dit is belangrik vir skoolorganisasie.
- Plaas alle kommunikasie in u kind se posbus (A4-plastiek koevert – in Gr. 1-pakkie).

## 7. KLEREDRAG

- Klere is beskikbaar by Oosskool se klerewinkel. U kan ook van die aanlynwinkel gebruik maak. https://Oosskool.co.za/shop/
- **Alle klere moet asseblief duidelik gemerk wees.**
- Somers- en wintersdrag soos in die Prospektus uiteengesit.
- Pawiljoendrag: Groen Osie-gholfhemp en groen broek word **Dinsdae en Donderdae** gedra. Tekkies met die wit Osie-kouse word saam met hierdie drag gedra.
- Sportdrag word eers gekoop as u kind in 'n span is en deur 'n onderwyser in kennis gestel word.

## Graad 1-skoolklere

| **Dogters** | **Seuns** |
|---|---|
| Oranje rok<br>Hot pants | Khaki broek<br>Khaki hemp |
| Pawiljoendrag hemp | Pawiljoendrag hemp |
| Pawiljoendrag broek | Pawiljoendrag broek |
| Kouse | Kouse kort & lank |
| Skoene | Skoene |
| Tekkies | Tekkies |
| Pull over (opsioneel) | Pull over (opsioneel) |
| Fleece top | Fleece top |
| **Wintersdrag:**<br>Sweetpakbaadjie<br>Sweetpakbroek<br>Trui (opsioneel) | **Wintersdrag:**<br>Sweetpakbaadjie<br>Sweetpakbroek<br>Trui (opsioneel) |
| **Hare:**<br>Oranje, wit of bottelgroen rekkie of *scrunchies* | |
| Kwotasies kan by die klerewinkel aangevra word. | |
| Geen skoolskoene of tekkies beskikbaar nie. | |
| 'n Beperkte hoeveelheid tasse is in die klerewinkel beskikbaar. | |

- ***NAVRAE : Me. Antoinette Maritz 015 296 0214 opsie 4***

## 8. SKOOLTAS

- 'n Stewige skooltas met afskortings word aanbeveel, aangesien 'n klein tassie gou nie meer bruikbaar is nie.
- Mamma, kyk asseblief daagliks in my tas.
- Merk u kind se tas asseblief duidelik buite-op. Dit sal omruiling van tasse verhoed.
- 'n Goeie idee is 'n telefoonnommer duidelik op die tas. Dit sal ook help indien die wagdiens onderwysers u dalk wil skakel.

- **GEEN Caddy-tasse of ander tasse met wiele sal toegelaat word nie!**

## 9. SKRYFBEHOEFTEPAKKIE

- 'n Volledige pakkie met al die nodige skryfbehoeftes vir graad 1 moet by die skool se klerewinkel gekoop word. Die koste beloop R450.
- By die skool sal ons 'n klankeboek en skêr aan u kind gee wat by die pakkie se prys **ingesluit** is.
- **Merk asseblief alle skryfbehoeftes en stuur die volledige pakket op Dinsdag, 11 Januarie 2022 net so in die sak terug skool toe.**
- Skryfbehoeftes bly by die skool, dit veroorsaak oneindig baie frustrasie as leerders hulle skryfbehoeftes by die huis vergeet.
- Addisioneel moet elke kind ook 'n houer sneesdoekies en een houer vloeibare seep skool toe bring.
- Naskoolleerders moet addisionele skryfbehoeftes saambring om hul tuiswerk mee te doen.

## 10. AKTIWITEITE VIR JUNIORS

- Juniorkoor (*oudisies word vooraf gehou*), redenaars, skaak, landsdiens, atletiek, landloop, bulletjie-rugby, mini-netbal, mini-hokkie, jukskei, bergfiets, WOW-spelfees en kunswedstryde.

## 11. TUISWERK

- U kind sal 'n skrif ontvang waarin daar elke Maandag 'n tuiswerkblaai geplak sal word.
- **Kontroleer asseblief daagliks** u kind se tuiswerk en parafeer daarby.

## 12. FINANSIES

- Die ***D6 Connect Toepassing*** of die ***D6 Cashless bandjie*** kan gebuik word om elektroniese oorbetalings te doen.
- Skoolfonds word by die finansiële kantoor betaal.
- Kontant MOET deur ouers self betaal word.
- Vir alle ander gelde ontvang u kind 'n skoolkoevert waarop die gelde voorop aangedui word. Plaas die geld binne-in die koevert. Die klasjuffrou sal u kwotansie ook in dieselfde koevert terugstuur. (D6 - vervang hierdie opsie grootliks)

- ***Skoolfondsnavrae : Kontak die finansiële kantoor op 015 296 0214***

## 13. SNOEPIE : Kekkel & Kloek

- Daar is elke dag 'n snoepie beskikbaar.
- Die ***D6 Cashless bandjie*** kan by die Snoepie gebruik word om aankope te doen.
- Van tyd tot tyd is daar ook koekverkoping en entrepreneurs-verkope.
- ***Navrae : Me. Petro van Rensburg 015 296 0214 opsie 7***

## 14. NASKOOLSENTRUM

- Daar is 'n naskoolfasiliteit vir Graad 1 tot 7; vorms is by die klerewinkel beskikbaar.
- Middagete en laatmiddag toebroodjies, vrugte en koeldrank word ingesluit.
- 'n Deposito is betaalbaar wanneer u die inskrywingsvorm inhandig.
- ***Navrae : Me. Annamarie Davel op 072 141 6847***

## 15. POUSE

- Slegs een pouse per dag wat 'n half-uur lank is en 'n tweede breek om 12:00.
- Voedingsperiode – 10 minute net voor pouse.
- Mamma pak vir my 'n gesonde kospakkie in. Waak teen te veel lekkers!
- Pak **daagliks** 'n bottel water in.

## 16. SKAKELING MET ONDERWYSERS

- Reageer vinnig as 'n juffrou u vra om haar te kom sien.
- Stuur 'n briefie as u iets vir 'n juffrou wil sê – nie mondelinge boodskappe nie.
- Afsprake moet (vooraf) gereël word vir 'n tyd wat beide onderwyseres en ouer pas.

## 17. VOORLOPIGE BELANGRIKE DATUMS

- 11 Januarie 2022 - Kom skud jou vere reg (Seuns 08:00 - 09:00) (Dogters 09:30 - 10-30)
- 11 Januarie 2022 - Gr. 1- Inligtingsaand (18:00)
- 12 Januarie 2022 - Skool begin

Ons is baie opgewonde oor al ons nuwe blinkoog Graad 1's en tel ook soos julle die slapies. Binnekort speel en werk ons dat die biesies bewe!

Graad 1-groete.

**ME M. COOPER**
**GRAADHOOF**

**ME A. GOUWS**
**DPH GRONDSLAGFASE**

**MNR G.F. PELZER**
**HOOF**